# Onderwerp 2 : Finansiële geletterdheid – Inkomstes & Uitgawes

**1. Inleiding** – In hierdie onderwerp gaan jy leer van "inkomstes en uitgawes". Jy gaan ook oor "netto waarde" leer, en jy gaan leer hoe om 'n staat van netto waarde op te stel.

Ons gaan ook kyk na die verskil tussen spaar en belê, en hoe belangrik dit vir ons almal is.

**2. Persoonlike inkomste** – Dit is die geld wat jy as persoon ontvang. Dit is dus die geld waarvan jy moet lewe, jy moet dit dus baie versigtig gebruik en behoorlik beplan hoe jy hierdie geld gaan spandeer. Persoonlike inkomste kan uit verskillende bronne verdien word.

Kom ons kyk 'n bietjie na verskillende bronne van inkomste :




**<u>Indiensneming</u>** – Dit is die geld wat mense verdien (salaris) wanneer hulle vir 'n werkgewer werk. Jy word 'n salaris of loon betaal vir die tyd wat jy by die werk is.

**<u>Beleggings</u>** – Gebeur wanneer jou geld vir jou werk. Jy verdien 'n inkomste uit rente, dividend uit beleggings of huurinkomste vir die verhuring van jou bates.

**<u>Bedryf jou eie sakeonderneming</u>** – Dit is geld wat verdien van mense wat vir jou werk. Deur hulle insette verdien jy 'n wins.

**3. Persoonlike uitgawes –** 'n Persoon of huishouding bestee geld aan persoonlike uitgawes. Persoonlike uitgawes sluit die volgende in : kruideniersware ; water en elektrisiteit ; huur ens. Al hierdie uitgawes vorm saam lewensonkoste.

Individue moet ten alle tye probeer om hul uitgawes te beheer en sodoende te verhoed dat geld nie verkwis (roekeloos uitgee) word nie. Individue en huishoudings kan nie spaar indien geld verkwis word nie, aangesien daar nie geld gaan wees om te spaar nie.

## Aktiwiteit : Woordsoektog vir inkomstes en uitgawes ________________

Die Khan – gesin woon in Chatsworth, Durban. Daar is vyf lede in die gesin\huishouding.
Ma, pa, twee broers en 'n suster. Die kinders is almal op skool. Hulle besit hulle eie huis en verhuur hulle oumawoonstel vir ekstra geld.

Kyk hoeveel voorbeelde jy van inkomstes en uitgawes vir die Khan – gesin in die woordsoektog hieronder kan vind. Gebruik 'n blou pen vir die inkomstes en 'n rooi pen vir die uitgawes – omkring die woorde wanneer jy hulle vind en kleur ook in. Die inkomste of uitgawes kan ook uit meer as een woord bestaan !!!

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| A | H | U | U | R | I | N | K | O | M | S | T | E | P |
| S | Z | P | F | D | G | K | V | X | R | W | J | L | T |
| G | O | R | X | L | W | Q | R | T | W | A | T | E | R |
| K | R | E | N | T | E | B | E | T | A | A | L | K | Q |
| R | B | M | S | D | K | M | C | P | E | A | F | T | C |
| E | O | R | U | C | V | B | J | L | A | X | V | R | P |
| N | F | S | B | S | P | R | N | I | F | T | P | I | D |
| T | G | X | S | A | L | A | R | I | S | Q | B | S | E |
| E | L | A | I | A | C | N | D | O | P | S | R | I | U |
| V | V | P | D | D | K | D | W | T | B | I | M | T | R |
| E | Z | I | I | M | L | S | R | O | L | O | N | E | S |
| R | A | P | E | R | O | T | E | E | G | D | B | I | K |
| D | K | E | T | E | R | O | L | J | Y | E | P | T | Y |
| I | F | T | E | L | E | F | O | O | N | Y | F | S | N |
| E | N | G | P | Q | T | O | R | E | W | O | Q | P | M |
| N | T | H | M | L | G | Y | H | H | C | S | A | Y | R |
| A | W | D | W | A | S | G | V | M | E | D | I | E | S |
| A | X | H | Q | R | D | K | X | B | M | S | G | L | Q |
| P | D | E | U | D | I | E | N | S | B | O | N | U | S |

Skryf die antwoorde wat jy gekry het onder die korrekte hofie :

| **INKOMSTES** | **UITGAWES** |
|---|---|
| ________________________________ | ______________________________ |
| ________________________________ | ______________________________ |
| ________________________________ | ______________________________ |
| ________________________________ | ______________________________ |
| ________________________________ | ______________________________ |
| ________________________________ | ______________________________ |

**Aktiwiteit : Identifiseer al die verkwiste huishoudelike uitgawes**

Kyk na die prent hieronder en identifiseer soveel moontlike verkwiste uitgawes wat ‘n huishouding kan vermy.

Kyk na die prent in jou handboek op bladsy 66.

____________________ ____________________ ____________________

____________________ ____________________ ____________________

____________________ ____________________ ____________________